Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 12 November 1952. Prys 3d. Nr. 50.

## Het Rooi Herdenking Hierdie Keer Nie Bygewoon

**Vir die eerste maal sedert die Nasionale Party aan die bewind is, het die regering die herdenking van die kommunistiese revolusie deur die Sowjet-konsulaat nie bygewoon nie. Soos gewoonlik was die regering weer uitgenooi om die revolusie verlede Vrydagaand te herdenk saam met Rusland se diplomatieke verteenwoordigers. Geen regeringsverteenwoordiger het egter opgedaag nie. By vorige geleenthede het die sekretaris van buitelandse sake en ander hoë amptenare van die departement die regering verteenwoordig.**

**Dit is te hope dat hierdie veranderde houding van die regering ten opsigte van sy vriendskapsbetrekkinge met Moskou 'n aanduiding van 'n beleidsverandering is en dat dit so spoedig moontlik sal lei tot die sluiting van die Russiese konsulaat. Daar is reeds veels te lank getalm met hierdie belangrike stap wat al deur 'n hele paar Suid-Amerikaanse republieke reeds vyf jaar gelede gedoen is.**

## Grootraad Besluit Oor Nuwe Blad

**Die verkleinde Grootraad, soos saamgestel deur die Laertrek op 23 Augustus, het verlede Woensdag, 5 November, in Pretoria vergader onder voorsitterskap van prof. D. J. van Rooy.**

**Al vier lede (prof. Van Rooy, dr. F. D. du T. van Zyl, mnr. K. Behrens en adv. Kobie Marais) was teenwoordig en daar het volstrekte eenstemmigheid geheers oor die noodsaaklikheid dat die republikeinse weekblad, Die Republikein, so gou moontlik gepubliseer moet word. Masjinerie vir die insameling van fondse vir die doel is in werking gestel. Meer hieromtrent sal binnekort aangekondig word.**

**Die volgende vergadering van die Grootraad is bepaal vir Januarie in Kaapstad.**

### *TEKEN VIR VIER JAAR IN OP REPUBLIKEIN*

Mnr. D. du P. Scheepers, Afsaal, Somerset-Oos, stuur £5 vir intekening op Die Republikein vir vier jaar vooruit en £2 10s. as donasie vir die blad.

## Moord en Brand Woed Weekliks in Stede

**Vir die derde maal die afgelope drie weke het naturelle-onluste in blanke stede tot die verlies van menselewens gelei. Oor die afgelope naweek is twee blankes deur naturelle in Oos-Londen vermoor nadat vier blankes 'n paar weke gelede in Port Elizabeth op wreedaardige wyse om die lewe gebring is. In albei gevalle is blankes doodgemaak wat tydens hul lewe hulle in belang van die naturelle beywer het. In Oos-Londen het dit 'n non, suster Aidan, gegeld wat die afgelope drie jaar in die lokasie gratis dienste in 'n kliniek vir naturelle gelewer het. Die ander blanke is 'n versekeringsagent, mnr. B. J. Vorster.**

Na gemeen word is tien naturelle in Oos-Londen doodgeskiet en 'n vyftigtal gewond. Die blanke non het in vlamme omgekom toe haar motor omgekeer en aan brand gesteek is nadat sy na die lokasie gehaas het om gewondes te verpleeg. Mnr. Vorster is doodgeslaan. Verskillende geboue is afgebrand.

Die ander onluste het in Kimberley ontstaan waar dertien naturelle deur die polisie doodgeskiet en 78 gewond is nadat oproerige naturelle die polisie onder die klippe gesteek en geboue aan die brand gesteek het. Skade ter waarde van £50,000 is veroorsaak.

'n Week tevore is drie naturelle in Johannesburg doodgeskiet toe oproer in 'n lokasie by Denver ontstaan het.

## *Oortref Blanke Skoolkinders*

In Transvaalse primêre en sekondêre skole is daar 265,000 naturellekinders teenoor 255,000 leerlinge in blanke skole. Die helfte van die naturelleskole word onderhou deur die provinsiale adminstrasie, en die res wat hoofsaaklik sendingskole is, word gesubsidieer, volgens 'n onlangse verklaring van dr. W. Nicol, adminstrateur van Transvaal.

## KERSBOODSKAPPE IN DIE O.B.

**Soos in die verlede sal ons blad vanjaar weer sy kolomme oopstel vir die gebruik deur ons lesers om kersboodskappe aan hul vriende en familie te stuur. Die boodskappe sal op 17 Desember verskyn en die kopie moet die kantoor voor 13 Desember bereik. Die tarief is 2s. 6d. per boodskap of 1d. per woord indien meer as 30 woorde.**

## *Wou Scott Bekroon Met Rektorskap*

Eerw. Michael Scott, die Engelse predikant uit Suid-Afrika wat as kampvegter vir die naturelle in die buiteland en by die V.V.O. optree, was benoem as een van die kandidate vir die rektorskap van die Britse universiteit van St. Andrews. Hy het egter tweede gekom met 321 stemme teenoor 608 van burggraaf Crawford.

# ENGELSE GEVOEL BEPAAL DIE GANG

**In 'n boodskap aan die Engelssprekendes het dr. D. F. Malan, leier van die Nasionale Party, verlede Saterdag in Johannesburg, weereens verklaar dat 'n republiek nie 'n strydpunt in 'n algemene verkiesing sal wees nie, maar slegs tot stand sal kom nadat dit regstreeks aan die volk voorgelê is en 'n duidelike meerderheid van die kiesers hulle ten gunste daarvan uitgespreek het. Selfs die vlag en volksliedvraagstuk sal nie beslis word voordat die Engelse gevoel daarvoor gereed is nie.**

**Die Eerste Minister het ook verwys na Suid-Afrika se begeerte om Brittanje ekonomies te onderskraag ten einde hom sterk te hou, en gesê dat die Arbeidersbeleid wat ons goeie betrekkinge met Brittanje beskadig, afgekeur word.**

Nadat dr. Malan verwys het na die Tweede Vryheidsoorlog en die konstitusionele stryd wat uitgeloop het op Suid-Afrika se soewereine onafhanklikheid, het hy gesê dat nasionalisme in groot mate sy doel bereik het. Wat sinnebeelde betref, bestaan daar nog dubbelheid ten opsigte van vlag en volkslied en dit is in stryd met ons status. **Maar „daar is beslis geen bedoeling om die saak na 'n punt te dryf nie". As die dag sou kom wanneer die Engelssprekende gevoel die verandering meer uitvoerbaar sou maak, sal dit nog 'n belangrike stap op die pad van volkseenheid en samewerking wees.**

**PRO-ENGELAND**

**Die beskuldiging dat die Nasionale Party anti-Engels en anti-Engeland is, het dr. Malan ontken en gesê dat die Nasionaliste graag 'n sterk antikommunistiese Engeland begeer. Daarom word Engeland ekonomies gehelp en is ons bondgenote in die verdediging van Afrika en die Midde-Ooste. Om dieselfde rede het die regering sy spyt uitgedruk toe Engeland besluit het om 'n beleid te volg wat bereken is om Engeland en die witman uit Afrika te werp.**

**„Daarom protesteer ons ook heftig teen die verklaarde beleid van die Britse Arbeidersparty wat ons goeie betrekking met Brittanje vernietig en vinnig op pad is om die Statebond te verbreek waarmee ons vriendskap en onderlinge samewerking begeer.**

Wat die republikeinse ideaal betref het dr. Malan gesê dat dit op die breë wil van die volk moet berus, tweetalig moet wees en konstitusioneel en demokraties verkry moet word. Dit kan dus nooit 'n strydpunt in 'n gewone verkiesing wees waar dit met ander vraagstukke verwar kan word nie.

## *Russe Bou 'n Blitsvliegtuig*

Rusland is besig om vegvliegtuie te ontwikkel wat 2,500 myl per uur op 'n hoogte van 200,000 voet deur die lug sal flits en deur 'n loods beman sal wees. Hierdie inligting word verstrek deur die American Aviation Magazine, wat verklaar dat die Russe Duitse ingenieurs met die saak belas het, en dat indien dit slaag, Rusland ongeëwenaard in die lug sal wees.

Die loodse in die nuwe soort vliegtuig sal plat op hul maag lê ten einde die uitwerking van die vaart te verminder. Die vliegtuie word by Proberesje gebou en sal by Tomsk, in Oos-Rusland op die proef gestel word.

## STUUR OOK HAAR BYDRAE

„Dit is vir my 'n groot voorreg om my nietige gawetjie te stuur vir die bevordering van ons volk se bestemming. Mag die God van ons vaders ons weer 'n godsdienstige en onverdeelde volk maak. Ek gee £1 vir die nuwe blad met die beste wense," skryf mev. S. E. Stander, Barrington, Knysna.

## S.A. Stuur Klomp Soldate Na Britse Kroning

**Verteenwoordigers van die Skietkommand's, polisie, die Staande Mag, die Aktiewe Burgermag en gewonde oudsoldate sal in 'n omvangryke militêre groep deur die Unie-regering gestuur word om Suid-Afrika by die kroningsplegtigheid aanstaande jaar te verteenwoordig. Van die Aktiewe Burgermag alleen sal 175 man gekies word, volgens 'n mededeling van genl. C. L. de Wet du Toit, stafhoof van die Unie.**

## *NUWE PRESIDENT VAN V.S.A. MAG MISKIEN ASIË-BELEID WYSIG*

**Dwight David Eisenhower, voormalige opperbevelhebber van die magte van die Atlantiese Verbond, is verlede Dinsdag tot president van die Verenigde State van Amerika verkies. Hy sal op 20 Januarie 1953 ingesweer word vir 'n ampstyd van vier jaar. 'n Rekord aantal Amerikaners — meer as 55 miljoen — het tydens die verkiesing gestem en Eisenhower het ongeveer sewe miljoen meer stemme as sy teenstander gekry.**

Vir die eerste keer 'n twintig jaar sal die Republikeinse Party weer in Amerika regeer. Die party het 'n klein meerderheid sowel in die senaat as in die huis van verteenwoord'gers.

Hoewel die Demokratiese Party in naam vir tw'nt'g jaar aan bewind was, is die Kongres gedurende die meeste van daardie tyd behou deur 'n koalisie van Konserwatiewe Demokrate en Republ'keine. Dit is h'erd'e koalisie wat vir president Truman so dikwels hoofbrekens besorg het — want hy behoort aan die liberale vleuel van sy party. Eisenhower sal ook met behulp van die koalisie moet regeer; maar hy sal waarskynlik baie meer steun kry as Truman.

Die oorwinning van die Republikeinse Party staan in die teken van die wêreld se toenemende afkeer van die liberalisme en die nuwe opgang van die konserwatisme. Die verkiesing van Eisenhower sal waarskynlik tot gevolg hê dat die gewone Amerikaner geleidelik, baie geleidelik, sal agterkom dat hy ook pligte het — nie net regte nie.

**ASIË**

Ten aansien van buitelandse politiek sal die Amerikaanse houding insake Europese beleid stellig nie verander word nie; d t mag slegs harder, minder tegemoetkomend word teenoor die kommunisme. Die Amer'kaanse beleid in die Verre Ooste sal heelwaarskynlik verander word — in twee belangrike opsigte.

Eisenhower het beloof om sy persoonl ke aandag aan die Koreaanse avontuur te skenk. Dit mag beteken óf vrede óf beslissende oorlogvoering, selfs buitekant die grense van Korea — soos genl. Douglas McArthur lankal aanbeveel.

Die Amerikaners se houding teenoor Tsiang Kai-Sjek mag ook 'n totale ommekeer ondergaan. Die Sjinese Nasionalistiese leier mag weer as bondgenoot ondersteun word teen die kommunistiese Sjinese bewind. Hierdie beleid word voorgestaan deur John Foster Dulles, die Republikeinse Party se adviseur oor buitelandse beleid en die man wat aangemerk word as Eisenhower se minister van buitelandse sake.

Eisenhower se bewind sal waarskynlik nie sommer skouspelagtig en opspraakwekkend van Truman s'n verskil nie; maar die verskil mag tog deurdringend genoeg wees om ongemak en besorgdheid in die Kremlin te veroorsaak. Indien dit die geval is kan Eisenhower maklik in die geskiedenis bekend word as die man wat beleënheid aan die ontluikende Amerikaanse wêreldleierskap gegee het en wat die gewillige aanvaarding daarvan onder die volke van die wêreld bewerkstellig het.

**Die menslike hart** pomp 1,000,000 gelling bloed deur die liggaam in twee jaar. Die krag wat hiervoor gebruik word, is genoeg om 'n gewig van 2,000 pond 30,000 voet hoog te lig.

**In Suid-Rhodesië** is daar ongeveer 10,000 olifante volgens 'n skatting van die kolonie se wildbeskermer. Hul getalle het grootliks toegeneem in die afgelope jare sedert die jag op hulle streng beheer is.

Alle politieke berigte is geskrywe deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad

DIE O.B., WOENSDAG, 12 NOVEMBER 1952

# PRYSBEHEER - EN WAT VAN SEDEBEHEER?

Selfs die groot Suid-Afrikaanse liberalis, wyle mnr. J. H. Hofmeyr, het toegegee dat die stelsel van beheer gekom het om te bly. Tot 'n groot mate was die oorlog met sy winsbejag die onmiddellike oorsaak van hierdie beheerbeleid op ekonomiese gebied, maar in wese was dit 'n beskermingsdaad teen die misbruike van gewetenloses wat onder die vaandel van liberalisme hulself te buite gegaan het. Dit was die toestand wat ontwikkel het onder 'n stelsel waar die wolwe en die skape ewe vry was om te beweeg en mee te ding. Vandag het hierdie stelsel deel van die staatspraktyk geword en baie min sal nog daaraan dink om prinsipiële besware daarteen te opper.

Beskerming teen geestelike uitbuiting is 'n beginsel wat veel langer erkenning geniet. Dit is beliggaam in ons sensuurstelsel wat 'n wakende oog moet hou oor die gesonde leesstof van die volk. Maar word hierdie wakende oog wel gehou? Dit geskied wel op 'n manier ten opsigte van leesstof uit die buiteland wat in ons hawens gekeur word — met in die jongste tyd al meer die neiging om die nadruk op kleurkwessies te laat val in plaas van op die sedelike gehalte van die leesstof. Dat hierdie stelsel van toesig nie bevredigend werk nie, blyk uit die klagtes wat maar voortdurend van verantwoordelike liggame opstyg teen die verlagende lektuur wat ons land van buite oorstroom.

### NOODKRETE

Hierdie geestelike entstof uit die buiteland het reeds die smaak en oordeel van ons volk so nadelig beïnvloed dat daar vandag allerweë noodkrete opgaan oor die gehalte van ons Afrikaanse letterkunde. Daar is sommige wat daaraan wanhoop of die toestand ooit weer sal verbeter. Die smaak van die volk is eenmaal klaar bederf en met die oog op winsbejag sal die maklike pad van afdraand maar in steeds groter getalle sy skrywers en uitgewers trek.

Wat kan hieraan gedoen word? In 'n artikel in Die Kerkbode wys ds. D. F. B. de Beer daarop dat die Kerk al lank by die regering aandring om op te tree. Sedert 1947 is herhaalde vertoë tot die regering gerig, maar tot dusver alles tevergeefs. 'n Maand of wat gelede het dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, wel blyke gegee dat die regering hom bewus is van die toestand en het hy skrywers en uitgewers gewaarsku dat 'n stelsel van binnelandse sensuur ingevoer sal word indien sommige adverteerders en uitgewers nie groter verantwoordelikheid openbaar nie. **So 'n waarskuwing is egter nie genoeg nie. Daarvoor het die toestand reeds te ver ontwikkel; veel drastieser maatreëls is nodig om ons opkomende geslag van verdere besoedeling te vrywaar.**

### OPPOSISIONELE PLIG

Kenmerkend van ons regeringstelsel — wat ongelukkig nie in die Kaapstadse hawe deur 'n sensuurraad voorgekeer is nie — was die houding wat die opposisiepers ít dadelik ingeneem het in verband met dr. Dönges se waarskuwing. „Dit laat ons bloed koud word om te verneem dat dr. Dönges met die gedagte speel om die een of ander soort plaaslike sensuur oor leesstof in te stel," skryf die Cape Times.

Die blad het dit blykbaar nie soseer teen die beginsel van sensuur nie — want dié word reeds ten opsigte van die buiteland erken — maar teen die moontlikheid dat 'n sensuur ten opsigte van pornografiese leesstof uiteindelik kan ontwikkel tot die sensurering van politieke leesstof. In die bestaande regeringstelsel is dit egter moeilik om te onderskei wanneer teenstand terwille van oortuiging geskied en wanneer terwille van plig. **Met 'n amptelike opposisie in die parlement, wie se leier spesiale vergoeding ontvang om die regering in alles teen te staan, moet 'n mens die nodige toegewing vir pligsvervulling maak. Teenstand sal die regering dus wel kan verwag, sy dit eg of kunsmatig. Maar die regering het reeds met sy kleurwetgewing getoon dat hy bereid is om teen amptelike opposisieskap selfs verder in te druis as wat menige vurige ondersteuner bereid is om toe te juig.**

Daar is 'n nouer verband tussen die twee dinge as wat dit oppervlakkig lyk. Ons veg vir die sogenaamde blanke beskawing en ons is bereid om uitermate drastiese stappe te doen om daardie beskawing te beveilig soos ons dit sien, **maar blankheid alleen is nog geen kenmerk van die hoogste goed nie.** 'n Swart man met 'n sterk sedelike bewussyn is sekerlik veel verkiesliker as 'n blanke deugniet. **As die blankedom sy innerlike waarde aan sedelikheid moet verloor, is al die strenge maatreëls vir die behoud van die blankedom eintlik maar daarop gerig om 'n leë dop te bewaar. Daar sit geen sin in om te veg vir behoud van die dop terwyl die inhoud uittap nie. Daarom is dit te hope dat die regering dit nie by dreigemente sal laat nie, maar sonder verwyl gehoor sal gee aan die stem van die Kerk en van daardie burgers wat sedelike waardes nog voorop stel.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Oom Krisjan en sy Skape*

Mnr. C. J. P. du Toit van die plaas Houtbaai, naby Wellington, het onlangs die aandag van die dagbladpers, sowel Engelsas Afrikaanstalige, op hom getrek as gevolg van die sukses van jarelange proefneming met die kruis van merino-skape.

By die lede van die Ossewabrandwag en by baie ander Afrikaners in die Boland is oom Krisjan en sy skape baie goed bekend — as gevolg van die lekker braaivleisfunksies wat hy elke jaar op sy plaas hou. By sulke geleenthede kom republikeine bymekaar om van die heerlike skaapvleis wat oom Krisjan voorsien — en laat braai — te eet, hulle vingers af te lek en die roosters by te dam vir nog 'n stukkie; en om gesellig met vriende en genote te verkeer.

Maar weet die vleiseters wat die waarde is van die skape wat hulle so smaaklik verorber? Dit vertel oom Krisjan natuurlik nie vir hulle nie; maar ek sal dit doen.

### *Gasheer Sonder Weerga*

Meer as tien jaar gelede het oom Krisjan begin met die kruisteelt-proefneming tussen gewone merino-ooie en opregte Duitse merino-ramme en dan weer tussen die gekruisde ooie en steeds opregte Duitse merino-ramme. Die gevolg blyk nou te wees 'n eersteklas wolskaap sowel as 'n uitstekende slagskaap. Die hamels weeg gemiddeld 74 pond aan die haak en die jongste skeersel het 74 pennies per pond behaal.

Maar wat eintlik die aandag op oom Krisjan se proefneming gevestig het is die feit dat hy onlangs sestien van die gekruisde ooie teen £20 stuk verkoop het!

My lesers wat al op een of meer van oom Krisjan se braaivleisfunksies was kan nou self bereken wat die kontant waarde van die skaapvleis is wat hulle daar opgeëet het. Ek wonder of een van hulle al ooit duurder vleis geëet het. Ek glo nie.

Oom Krisjan is beslis nie net 'n puik boer nie, maar ongetwyfeld ook 'n gasheer sonder weerga.

### *„Propvol" wil Dade sien*

Ek het twee briewe ontvang van my leser „Propvol". En ek moet sê dat as ek moet oordeel volgens die inhoud van die briewe dan het my leser regtig vir hom 'n gepaste naam gekies.

Om 'n lang storie kort te maak: my leser is nou rêrig dik en vies en sat en propvol van al die gebabbel; hy wil dade sien.

En die eerste daad wat my leser wil sien is die ekonomiese versorging van die volk. Hy verlang dat die tienduisende gewone huisgesinne van ons volk van 'n veilige bestaan verseker moet word; hierdie huisgesinne, wat eintlik die volksmassa is, moet gevrywaar word van die kommer en sy knaende naweë wat ontstaan wanneer die huisgesin se inkomste te klein is om te betaal vir die noodsaaklike uitgawes wat hy moet aangaan.

My leser wil weet hoe die geagte Eerste Minister 'n „nasie wil bou" van mense wat nie eers hul skuld kan betaal nie en wat derhalwe vir alle praktiese doeleindes arme blankes is. Slegs nadat die welvaart van die volksmassa verseker is kan gebou word aan die nasie, en die welvaart sal nie verseker word deur babbelary en kommissies van ondersoek nie, maar wel deur dade.

### *Partypolitiek is Woordpolitiek*

Die tweede daad waarna my leser verlang is die oplossing van die kleurvraagstuk. Sommige mense slaan hulleself speggerig op die bors oor die vraagstuk; ander slinger bitter verwyte teen 'n ieder en 'n elk — almal praat land en sand aanmekaar oor die vraagstuk. Temidde van al die gepraat vererger die kleurvraagstuk; daar is nie sprake van 'n oplossing nie, selfs nie eers van 'n verbetering in die verhoudings van die witman en die swartman nie.

In die derde instansie is my leser propvol omdat so baie welmenende mense blykbaar nie kan insien dat die partypolitiek net maar woordpolitiek is en nooit daadpolitiek is nie.

In die laaste instansie verlang my leser na 'n sterk leier — nie 'n prater nie, ook nie 'n papbroek of 'n verraaier of 'n posisiesoeker nie — wat met 'n gesonde beleid voor die dag kan kom en wat die volk met dade sal verenig en besiel.

### *As Elkeen sy Plig doen*

Ek verstaan die verlange na 'n sterk leier baie goed. In hierdie tye waarin ons leef, wanneer die toekoms van die witman, nie alleen in Suid-Afrika nie, maar in die hele Afrika in die weegskaal is, is dit eg menslik om te verlang na 'n sterk en besielende leier wat vertroue inboesem. Die behoefte is na 'n leier wat in der waarheid die leier van die blankes in Afrika sal wees. Uit die aard van die saak sal so 'n leier nie soos die hasie uit die hoed van die towenaar tevoorskyn kom nie. Bepaalde omstandighede sal hom uitstoot. En aan die skepping van daardie omstandighede kan elke blanke in Afrika meewerk. As ons bv. almal meehelp om 'n kontinentale blanke mening op te bou wat eis dat Afrika verdeel moet word in wit en swart gebiede om gesonde rasseverhoudings te waarborg, dan sal daar tog ter gelegenertyd 'n man verrys wat die eis sal formuleer — beter, kragtiger en aanneemliker as ander. Hy sal dan geesdriftig deur alle blankes toegejuig word en heeltemal vanselfsprekend die leier wees. Ek glo dat hierdie man 'n Afrikaner sal wees.

As Christen glo ek nie in die Anargisme nie, maar wel in die deurdogte Godsplan. Maar as Christen glo ek ook nie in luie berustings in 'n blinde noodlot nie, maar wel in die daadkragtige strewe. As elkeen elke dag sy of haar plig eerlik en onselfsugtig doen, is dit my geloof dat die Meester sal sorg dat alles regkom.

### *Toorn wat nie meer ontvlam nie*

Is die menslike gees in ons tyd heeltemal afgestomp? Ek weet nie of dit die geval is nie, maar dit lyk vir my asof dit so kan wees.

Sommer onder mense se neuse vind die verskriklikste gebeurtenisse plaas en dit skyn hoegenaamd geen indruk op hulle te maak nie. Hulle hoor van die gebeurtenis en hulle sê: „Hoe aaklig". Maar origens trek hulle maar net hulle skouers op en gaan dan maar weer hulle gewone gang. Miskien getuig die uitdrukking op hulle gesigte van 'n bietjie meer verbouereerdheid en van 'n bietjie meer verslaentheid; maar dit is al.

Waar is die dae toe 'n wrede moord of 'n grusame verkragting 'n hele gemeenskap in rep en roer gebring het — tot so 'n mate dat die owerheid tot kragtige vergelding gedwing is. Dit lyk nie vir my dat mense meer in staat is om werklik kwaad te word oor 'n verskriklike gebeurtenis nie. Het mense al so gewoond geword aan verskriklike gebeurtenisse waarvan hulle byna daagliks verneem dat hulle nie meer 'n woede kan ontwikkel wat slegs na vergelding eers bedaar nie? En as dit so is, is dit 'n goeie ding dat die regmatige toorn nie meer kan ontvlam nie? Of is dit 'n teken van dekadensie?

### *Eisenhower het die Gewone Mense bekoor*

Na maande van onsekerheid het die Amerikaanse volk verlede Dinsdag beslis dat mnr. Eisenhower, voormalige opperbevelhebber van die bondgenote in die tweede wêreldoorlog die volgende president van die Verenigde State van Amerika sal wees. „Ike" het die oorlog gewen en nou het die Amerikaners vir hom die geleentheid en die opdrag gegee om ook die vrede te wen.

Die algemene verwagting is dat „Ike" die kommuniste sal kortvat en dat hy die internasionale kat en muis spelery tussen Rusland en sy satelliete en Amerika en sy bondgenote sal be-eindig. Namate die sukses wat hy hiermee behaal sal hy geoordeel word.

Niemand kan vooruit enigsins gis wie die presidentsverkiesing sou wen nie — Eisenhower of Stevenson. Die verwagting was dat die wenner slegs 'n klein meerderheid oor sy teenstander sou behaal. Die uitslag was verrassend. Eisenhower het met 'n groot meerderheid gewen en hy gaan na die Withuis as die populêre keuse van die volk. Stevenson, die onbekende kandidaat het tydens die verkiesing ontpop as 'n intellektuele reus— 'n hoogs ontwikkelde man met 'n fyn humorsin wat die proewers bekoor het. Maar Eisenhower het die miljoene gewone mense bekoor — hy is die sinnebeeld van die hoop van miljoene Amerikaners: die arm seun wat sukses behaal het „in the land of opportunity".

### *Die Modder wat nie wou kleef nie*

President Harry Truman wat honderde toesprake oral in die land gehou het om Stevenson se kandidatuur te bevorder was ongetwyfeld Eisenhower se beste verkiesingsagent. Soos een koerant dit uitgedruk het: Eers nadat Truman aan die verkiesing begin deelneem het is besef op watter hoë peil die stryd tot op daardie datum gevoer was.

Stevenson is ongelukkig nie bewaar geword van sy vriende nie; en Harry Truman het kniediep in die partypolitieke modder gaan staan om nou regtig vir Eisenhower lekker te besmeer. Ongelukkig het sy modderige omhelsing net vir Stevenson bemors. Truman het homself nie 'n guns bewys deur aan die verkiesing deel te neem nie.

Een Amerikaanse koerant vertel dat Truman by 'n sekere geleentheid — lank voor die verkiesing — aan Eisenhower gesê het om tog nooit kandidaat vir die presidentskap te word nie, want dan sal daar baie modder

(Vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# VRA STAATSOPTREDE TEEN ONSEDELIKE LEESSTOF

**Dit is die plig van die staat om sedelikheid te beskerm en die onsedelikheid te bestraf. Hy durf nie neutraal staan in hierdie saak nie, skryf ds. D. F. B. de Beer in 'n artikel in Die Kerkbode in verband met die geweldige aantal pornografiese leesstof wat vandag ons land oorstroom, nie net vanuit die buiteland nie, maar ook deur uitgewers in die binneland. Die skrywer verklaar dat ons land tot onlangs nog betreklik vry was van die vuil stroom onsedelike boeke, prente en tydskrifte wat ouer kultuurlande reeds geruime tyd mee bekend is. Die masjinerie wat die stroom van buite moet keer, is blykbaar nie daartoe in staat nie. Daar word te veel gelet op boeke en tydskrifte wat 'n skadelike ideologie of rasseverhouding verkondig en te min op wat onsedelik en God-onterend is.**

„Ergste van alles, daar verskyn al hoe meer inheemse boeke en tydskrifte van 'n walglike, pornografiese aard; en ofskoon die reggeaarde Afrikaanse skrywer en uitgewer niks te doen wil hê met sulke lektuur nie, is daar helaas skrywers en uitgewers wat ter wille van ‚vuil gewin' tog voortgaan met hul pornografiese geskrifte. Onlangs het daar 'n roman, 'n tydskrif-artikel en 'n prent verskyn, so sedeloos dat 'n mens huiwer om dit te beskrywe. In die tydskrif, wat deur duisende jong Afrikaners van albei geslagte gelees word, word 'n skaamtelose pleidooi gelewer vir geslagsomgang tussen verloofdes voor die huwelik, en daar word in vlymende taal tevelde getrek teen die gemeenskap wat dit as sonde beskou. Die Christelike ideaal van sedelike reinheid word beskou as 'n onlogiese en bygelowige konvensie, en die samelewing wat dit handhaaf as geveins en oudmodies.

### KAMTIGE WETENSKAP

„Dit sal tragies wees as ‚ons jongmense wat in die kerk groot geword het hulle laat verlei deur die kwasi-wetenskaplike toon waarin die skrywer sy gevaarlike raad klee. Die sogenaamde frustrasie wat sommige egpare sou ly omdat hulle lank gewag het om te trou — gestel dat dit iets meer as teorie is — kan nooit opweeg teen die sielswroeging van die man en vrou wat gehandel het teen die ewige wet van God en die Bybelse ideaal van reinheid nie. Dit kan ook nooit opweeg teen die angs wat die meisie moet uitstaan omdat sy dalk 'n ongehude moeder kan word nie. En al sou die paartjie ter wille van hul kindjie trou — wat in baie gevalle nie gebeur nie — sal die man altoos die verwyt dra dat hy sy bruid van haar maagdelike eer beroof het, en die moeder dat sy medeverantwoordelik was dat daar 'n vlek op die geboorte van haar onskuldige kind rus.

„Die gelukkigste huwelik vandag is die huwelik waar liefde verbind is met eer en selfbeheersing, en waar bruidegom en bruid die huwelikstempel binnetree met ongeskonde reinheid en mekaar niks hoef te verwyt nie. Laat jongmense wat hierdie reëls lees en wat geneig is om die hele saak as 'n blote debatspunt te beskou, geen fout maak nie. Die Woord van God (1 Kor. 6:10) en die Here Jesus Christus (Mark. 7:21) veroordeel hoerery as sonde; en hoerery beteken omgang buite die huwelik om.

### STAAT SE TAAK

Nadat hy gewys het op die plig van die kerk in hierdie verband, gaan die skrywer voort:

„Ten slotte is dit die plig van die staat om die sedelikheid te beskerm en die onsedelikheid te bestraf. Hy durf nie neutraal staan in hierdie saak nie, ‚want hy dra nie die swaard verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf'. Te meer is dit die staat se plig om op te tree, omdat hy die owerheid is van 'n Christelike, protestantse land. Miskien kan die staat met 'n mate van regverdiging wys na landswette soos Wet 38 van 1909 van Transvaal, wat die druk, uitgee, verspreiding, vertoning en verkoop van onsedelike boeke en prente strafbaar maak, asook soortgelyke wette in die ander provinsies. Maar van die uitvoering van die wet kom weinig tereg omdat soveel afhang van die subjektiewe oordeel van die magistraat oor wat nou eintlik onsedelik is, en omdat 'n hofsaak onder die beste omstandighede sy doel verydel deur aan die betrokke boek 'n ongewenste rugbaarheid te verleen.

### PRAKTIESE STAP

„Die mees praktiese bydrae wat die staat kan verleen tot die oplossing van die hele probleem is om sy sensuur van ingevoerde boeke op te knap, en daarnaas 'n binnelandse sensuurraad in te stel vir alle inheemse lektuur. Hierdie sensuurraad moet verteenwoordigend wees van alle belanghebbende partye en insluit verteenwoordigers van die Christelike kerke, vroueliggame, jeugliggame, skrywers, uitge-

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

wers en kultuurliggame. Dit moet voorts die mag hê om die pornografiese boek in die ban te doen en desnoods geregtelike stappe teen die skrywer en uitgewer te doen. Laasgenoemde sal nie verplig wees om sy manuskrip vóór publikasie aan die raad voor te lê nie, maar dit sal tog in sy eie belang wees om dit te doen as hy enige twyfel daaromtrent koester.

**„Die kerk, en ons mag in beskeidenheid byvoeg die volk, vra al lank dat die regering moet optree in hierdie rigting. Behalwe die Federale Raad vir Bestryding van Euwels (1947), die Kerklike Kongres van die Gefedereerde Kerke (1949) en die Transvaalse Sinode (1951) het verskeie ander liggame hulle ten gunste van 'n sensuurraad uitgespreek o.a. die Jeugbondkongres (1952). En ons bede is dat die owerheid gehoor sal gee aan die roepstemme van kerk en volk en op sy terrein die liggame sal sterk wat verlang om ons opkomende geslag te verlos van die vuil stroom wat vinnig besig is om ons volkskarakter te besoedel.**

(Vervolg van bl. 2 kolom 5)

na hom gegooi word. Die koerant se kommentaar is: Niemand het destyds besef dat Truman se waarskuwing 'n persoonlike dreigement is nie!

Die Verenigde State van Amerika is verreweg die sterkste westerse moondheid en as president van die V.S.A. is Eisenhower ook die leier van die westerse volke — hoofsaaklik in hul kruistog teen die kommuniste. Daarom wens ek Eisenhower van harte geluk as mnr. Die President; mag gesondheid, wysheid en eerlike raadgewers hom toebedeel word.


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**BETREKKING VAKANT**

Motorwerktuigkundiges gevra. Skryf aan: VERMAAK SE MOTORHAWE, Posbus 54, Patensie, K.P. 5/11/4B

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK


# Republiek Aanbeveel In Engelse Boek

**'n Republiek is die enigste uitweg om in Suid-Afrika die vraagstuk van botsende lojaliteite op te los. Dit is die gevolgtrekking waartoe kapt. J. J. McCord geraak in 'n boek, South African Struggle, wat binnekort sal verskyn.**

Die boek gee 'n breedvoerige uiteensetting van Suid-Afrika se geskiedkundige stryd tussen nasionalisme en imperialisme en behandel die botsing van lojaliteit tussen Suid-Afrikaansheid en Britsheid.

Die skrywer is tweetalig en van Skots-Afrikaanse afkoms. Hy was lank organiseerder en meermale kandidaat van die Verenigde Party, maar was in 1948 kandidaat vir die Herenigde Nasionale Party in Pretoria-stad.

Sy bronne is hoofsaaklik Engelse koerante; hy bestee heelwat aandag aan die imperialistiese inwerking op die Suid-Afrikaanse R e p u b l i e k, waar die stryd in naam gegaan het oor stemreg, maar in wese 'n botsing tussen Britsheid en nasionalisme was.

McCord wys daarop dat die huidige stryd oor die grondwet wat hy in sy laaste hoofstuk behandel, eweneens met 'n stemreggeskil begin het, maar in sy wese weer 'n botsing is van die Suid-Afrikaanse lojaliteit teen die vreemde. McCord se uitweg om die lojaliteitskwessie vir goed uit die weg te ruim, is 'n republiek. Dit beskou hy as al manier om eenheid van lojaliteit te verkry.


## O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

**Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg**

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*


# HAAR HART TIK NOU SOOS 'N HORLOSIE

**Met 'n hart wat tik soos 'n horlosie is 'n gewese verpleegster in Amerika vandag die eerste mens wat 'n meganiese hartklep besit. Die operasie wat kort gelede in die geheim uitgevoer is — maar uitgelek het — skyn heeltemal 'n sukses te wees. Die geneesheer wat daarvoor verantwoordelik was is dr. Charles Hufnagel wat 'n paar jaar gelede al begin het met sy proefnemings op honde.**

Die operasie is bedoel vir mense wat aan harte met gebreklike kleppe (meestal as gevolg van rumatiekkoors) ly. Dr. Hufnagel het hom ten doel gestel om die lekkende klep te vervang deur 'n kunsklep. Die klep word gemaak van plexiglas en bevat 'n dobber-balletjie van plastieke stof wat opstyg en in een van drie holtes in die huls van die klep tereg kom wanneer die hart die bloed in die slagaar pomp. Wanneer die hart tussen die kloppe rus, val die bal in 'n bedding waar dit verhoed dat die bloed in die hart terugloop.

Honde waarop die operasie uitgevoer is, het na 'n paar jaar nog gelewe. Dit het die dokter laat besluit om dit ook op mense toe te pas. Die eerste pasiënt is dood, maar nie as gevolg van die operasie nie. Die tweede pasiënt was die verpleegster. Sy was twee en 'n half uur lank onder narkose, hoewel die werklike operasie aan die hart self net vyf minute geduur het. Die slagaar is 'n paar duim van die hart af deurgesny en die kunsklep is aan die twee punte vasgewerk sodat dit voortaan deel van die aar sou vorm. Die operasie bied groot moontlikhede vir duisende mense, maar dit kan nie toegepas word op baie jong of ou mense of swakkes nie. Pasiënte kan in enige posisie staan of lê — selfs op hul kop sonder dat dit die kunsklep in sy werk sal hinder.




**Kommando**

**Beter Tabak maak Beter Sigarette**



G1-3092A

# INDIËRS IS INGEVOER TEN SPYTE VAN NATALLERS SE VERSET DAARTEEN

**Die verantwoordelikheid van Brittanje vir die Indiër-vraagstuk in Suid-Afrika word met die nodige gegewens aangetoon in een van die ses referate wat op die derde jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (Sabra) gehou is en nou in boekvorm uitgegee is onder die naam „Groepsgebiede en Woonbuurteskeiding." Die boek beslaan 144 bladsye met 'n hardeband-omslag en kos 10s. per eksemplaar posvry. Bestellings kan geplaas word by die sekretaris van Sabra, Posbus 238, Stellenbosch.**

**Benewens die verhandelinge oor die verskillende gesigspunte van die onderwerp, bevat die boek ook die voorsittersrede van prof. dr. G. B. A. Gerdener, en die openingsrede deur adv. G. de V. Hugo. Die referate handel oor die agtergrond van die wet op groepsgebiede (prof. dr. P. J. Coetzee), ontleding van die wet op groepsgebiede (adv. V. G. Hiemstra), beplanning vir woonbuurteskeiding (E. A. E. Havemann), naturellebehuising in stedelike gebiede (dr. F. J. Language), regte van naturelle op grond in plattelandse gebiede (prof. N. J. Olivier).**

**Dit is 'n nuttige feiteboek vir diegene wat belangstel in die Kleurvraagstuk en 'n waardevolle handleiding vir mense wat belas is met die uitvoering van die wette in hierdie verband.**

In sy referaat oor die Indiërvraagstuk verklaar prof.C oetzee dat die Indiër 'n versteurder van goeie rasseverhoudings is. Aan die een kant wek hulle die jaloesie van die naturelle op en aan die ander kant misbruik hulle die naturelle deur hulle tot diefstal aan te moedig en gesteelde goed van hulle koop, en hulle op te sweep vir eie doeleindes.

Meeste Asiate stuur hulle geld uit die land, en voer hulle benodigdhede van Indië in en self produseer hulle bloedweinig. Hoewel hulle 'n betreklik geringe groep is, het hulle 'n geweldige greep op die land verower deur die verkryging van vaste eiendom en hul uitgebreide handel sowel onder blankes as naturelle. **Hulle regverdig hulle teenwoordigheid juis deur die ondersteuning wat hulle van blankes en ander ontvang.**

### KOLONISTE BIED TEENSTAND

In verband met die invoering van Indiërs in Suid-Afrika word aangetoon hoe die Britse kroonkolonie-regering hierdie misdaad gepleeg het ten spyte van sterk teenstand van die gevestigde inwoners van Natal. **Die Natallers wou naturelle-arbeid vir die suikerplantasies gewerf het, maar goewerneur Scott, wat ook die wetlike opperhoof van die naturelle was, wou dit nie toelaat nie. Hy wou Indiërs ingevoer hê en het in 1858 'n wetsontwerp vir die invoer van koelie-arbeiders ingedien. Dit is deur die wetgewende liggaam (bestande uit twaalf gekose en vier benoemde lede) verwerp. Die gekose lede het eenparig daarteen gestem en die benoemde lede eenparig daarvoor.**

In 1859 was daar 'n verkiesing waarin die twee suiker-afdelings twee kandidate gestel het wat ten gunste van Indiër-arbeid was (by 'n vorige geleentheid is albei verslaan). Die een is verslaan, maar die ander is met 'n meerderheid van een stem verkies. **Scott het ten spyte van versoekskrif op versoekskrif geweier om naturelle beskikbaar te stel vir die suikerbedryf.** Ten gevolge van die hardkoppigheid van die Britse goewerneur en die groot nood waarin die suikerbedryf verkeer het, het die verkose verteenwoordigers voor die regering geswig en hulle uiteindelik bereid verklaar vir die invoer van Indiërs.

### MET OOP OË

**Die gevare van die daad is terdeë besef soos blyk uit die kommentaar van die pers indertyd. Die Natal Star het verklaar „Indien daar ooit Koelies in hierdie land ingevoer word, sal dit tot ewigdurende skande vir die regering wees."** Die Natal Witness het by die aankoms van die eerste Indiërs geskryf: „Indien ons deur hierdie maatreël nie 'n reeks vloeke op die land gehaal het nie, sal ons bly wees om ons vrees ongegrond te vind."

As die koloniste die seggenskap gehad het, sou hier nie Indiërs gewees het nie, maar dit was die Britse kroonkolonieregering wat hiervoor verantwoordelik was.

In die loop van die jare het die gevoelens steeds hoër geloop en in 1897 het die inwoners van Durban in opstand gekom en met geweld belet dat twee skeepsvragte Indiërs geland word.

**In die referaat word voorts aangetoon hoe die Suid-Afrikaanse Republiek deur die Londense Konvensie belemmer is om doeltreffend teen Indiërindringing op te tree.** Voor 1881 was daar blykbaar geen Asiate in Transvaal nie, maar in 1884 is verskillende memories by die Volksraad ingedien oor die intog van Indiërs. Daarin is onder meer verwys na wat in Natal gebeur het en waarsku dat die Indiërs groot moeilikhede onder die inboorlinge kan verwek. **Die regering wou graag wetgewing indien ingevolge hierdie versoeke maar hy is deur artikel 14 van die Londense Konvensie belet wat onder meer bepaal het dat alle persone wat nie inboorlinge is nie die vryheid sal geniet om in enige deel van die Republiek te woon, handel te dryf en eiendomme te besit.**

### „REDELIKE WETGEWING"

Die regering het in 1885 met die Britse regering onderhandel oor die indiening van wetgewing om beheer oor die Indiërs uit te oefen. Die antwoord was dat die Britse regering nie sal aandring op 'n vertolking van die konvensie wat sal indruis teen „redelike wetgewing in die verlangde rigting nie."

Die wet, bekend as Wet No. 3 van 1885, is daarop aangeneem **maar kort daarna het die Britse hoë kommisaris in Pretoria die regering meegedeel dat dit 'n verbreking is van die Londense Konvensie. Die wet is daarop gewysig en sekere beperkings is op Indiërs gelê op grond van „sanitêre oorwegings".**

### VERSOEKSKRIFTE

In antwoord op verdere versoekskrifte sedert 1887 het die regering geantwoord dat stopsetting van Indiër-immigrasie teen die Londense konvensie is. Teen 1888 het die Britse regering weer ingegryp as kampvegter van die Indiërs en beswaar gemaak teen die toepassing van die wet van 1885 soos gewysig. Die volk het teen die tyd so sterk begin aandring op stopsetting van Indiër-immigrasie dat die regering in 1897 daartoe oorgegaan het om toegang tot die Republiek aan Indiërs te weier, en ten spyte van verdere Britse besware is voortgegaan om beperkings op Indiërs te lê, onder andere deur 'n bepaling dat Indiërs net in lokasies mag handel dryf.

Maar op dié stadium het die oorlog uitgebreek en ná die vrede het Londen sy beskermende hand oor die Asiaat gehou en kon daar eers weer iets gedoen word nadat verantwoordelike bestuur toegeken is.

# ROOI INVLOED IN KENIA

**Die bewering dat die Mau-Mau in Kenia tot 'n groot mate deur kommunistiese bedrywigheid geïnspireer is, word bevestig deur die goed ingeligte blad, Intelligence Digest. Die blad verwys na 'n waarskuwing wat hy reeds drie jaar gelede gepubliseer het waarin die aandag gevestig is op die ondergrawende werk van Moskouse agente. Hierdie waarskuwing is egter in die wind geslaan deur die onbevoegde regering van Attlee, wat dinge maar hul gang laat gaan het.**

Van Kenyatta, die naturelleleier wat onlangs in hegtenis geneem is en tot op daardie tydstip aan die hoof van 'n politieke organisasie gestaan het, skryf die blad dat hy in 1930 in Londen gewoon het saam met nog 'n naturel en 'n blanke wat 'n fes gedra het. Hierdie blanke het altyd 'n sambreel gedra wat hy oor die kop van Kenyatta gehou het wanneer hulle in die straat verskyn ten einde die aandag op laasgenoemde se belangrikheid te vestig.

In Londen het hy „invloederyke verbindinge" gehad met leidende lede van die Arbeidersparty. Later het hy na Berlyn gegaan, maar is daar koel ontvang. Toe het hy na Moskou vertrek waar hy met ope arms verwelkom is.

By sy terugkeer in Kenia het hy die voorkomste gehad van 'n „Bybelse patriarg" met 'n staf, 'n lang baard en 'n ring met groot rooi steen".

# Liberale Party In S.A. aan Kom, sê Skrywer

**Die stigting van 'n Liberale Party in Suid-Afrika word in die vooruitsig gestel deur mnr. Alan Paton, bekende skrywer van „Cry the Beloved Country," 'n boek wat oor die naturellelewe handel en wat deur 'n Amerikaanse maatskappy in ons land verfilm is. Die spelers in die prent was almal òf Amerikaanse negers òf Suid-Afrikaanse naturelle.**

**Mnr. Paton het in Pietermaritzburg verklaar dat oral in Suid-Afrika tekens is van 'n opkomende liberalisme. Hierdie Suid-Afrikaanse liberalisme begin nou duidelik en samehangend word en dit sal waarskynlik binnekort politieke gestalte aanneem — as 'n politieke party of beweging.**

Volgens mnr. Paton is die grondslag van die liberalis se beginsels die strewe na „Gelyke regte vir alle beskaafde mense". Die verwesenliking van hierdie strewe sal die oplossing wees van die Unie se rasse- en maatskaplike probleme.

Mnr. Paton sê: „Ons moet ons hande uitsteek na die ontwikkelde naturelle en ander nieblankes en ons moet hierdie beskaafde en progressiewe nieblanke element aanmoedig om die massas van hulle rasgenote na vreedsame samewerking met die blankes te lei.

„Indien ons die natuurlike eise van die beskaafde nie-blankes verwerp dan oorhandig ons die nie-blanke leiding aan die boewe — en dan sal die skietery moet begin."

### MOONTLIKE GEVOLGE

Die stigting van 'n Liberale Party mag miskien nie heeltemal 'n ongemengde euwel wees nie omdat die bestaan van so 'n party 'n meer natuurlike politieke verdeling ten aansien van die kleurvraagstuk mag bevorder. **Vandag is duisende blankes wat eners dink oor die kleurvraagstuk kunsmatig verdeel in mekaar bevegtende politieke partye. Indien die liberaliste in een party afgesonder word sal die omstandighede hopelik gunstiger word om die oorgrote eis van die blankes tot samewerking op grondslag van 'n gesamentlike oplossing te oorreed. En ons twyfel nie dat die gesamentlike oplossing nie „beskaafde" vermenging sal wees nie, maar eiesoortige ontwikkeling.**

## Indiërs Minder Volop Daar

Terwyl Brittanje die pad vir Indiërs na baie dele in die wêreld oop gemaak het sodat hulle in verskeie lande ander rasse oortref in getalle, het Brittanje self betreklik gevrywaar gebly van hierdie vreemde indringing. Blykens die sensus van 1951 was daar maar 137,000 Indiërs in die land teenoor die 365,000 in Suid-Afrika.

## Tee-Aande

Daar was 'n groot opkoms by die tee-aand wat verlede Vrydagaand by mnr. en mev. S. Harris van Tiervlei gehou is, en 'n bedrag van £3 5s. is in die kollektebussie gegooi ten behoewe van die blad. Die aand is onder meer deurgebring met die sing van volksliedere.

Eerskomende Vrydagaand is daar 'n tee-aand by mej. Aletta Cloete, So-ja, Rhossstraat Bellville, en op 20 November by mnr. en mev. J. Kotze, Algoaweg, Minerton. Daar word gehoop om by laasgenoemde geleentheid 'n film te vertoon van opnames in Amerika.

## Koninklikes in Vrymesselary

Die Hertog van Edinburgh, eggenoot van koningin Elizabeth, het aangesluit by die Vrymesselaars, en sal lid wees van die losie waar koning George VI dit sover as „Groot Meester" gebring het. Met uitsondering van George V was die Britse koningshuis vir die afgelope 200 jaar in die vrymesselary betrokke.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
Besoek ons of skryf om besonderhede

**O.B. JAARGANGE**

JAARGANG 1950—1951
Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.
PRAGTIG INGEBIND
*VOORRAAD BAIE BEPERK*
BESTEL DUS DADELIK BY:
**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**
Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad